trinitas

Baie welkom by Trinitas!
*Ons sien onsself as **'n verloste familie van diensknegte wat gestuur is**.*
Ontdek saam met ons wat dit vir jou en Vanderbijlpark beteken!

1 Verlos

SONDAG 25 JANUARIE 2015

OGGEND 09:00

Koers vir 2015

Teks: Markus 12:28-34
Oorsig:
As mens loop waar jy nog nie was nie het jy rigting nodig. 'n Kompas om elke nou en dan na te kyk om seker te maak jy is nog op die spoor. Die ou reisigers het die sterre gebruik. Wat gaan ons as Trinitas gebruik in hierdie nuwe fase wat voorlê?

Ons kan dit doen!

AAND 18:00

Teks: Numeri 13:26-33
Oorsig
Wat is alles op die spel as die onbekende toekoms op jou wag soos vir Israel voor hulle die beloofde land aandurf? Party sien kans met moed, ander huiwer. Wat sê die Heilige Gees vir jou vanuit Numeri 13

Preke beskikbaar in klank en teks by: www.gktrinitas.co.za

PROGRAM VIR DIE WEEK

Vanaand

Diakonievergadering 16:30

Dinsdag 27 Januarie

Aandbybelstudie 19:00

Woensdag 28 Januarie

Bybelstudie 09:00

Gedagte



2 Familie

LIEF EN LEED

Dink in jou gebede aan die volgende lidmate:

- Danie Roelofse (0169337488) is ontslaan na sy operasie.
- Theuns Odendaal (0832561387) het Donderdag 'n skoueroperasie ondergaan.
- Bets Barnard (0796371539) sou Vrydag ontslaan word uit die hospitaal.
- Attie Venter (Mariaan 0837941155) is steeds in Unie hospitaal na 'n breinoperasie.
- Heleen Pretorius (ons vorige kassier se vrou, nou woonagtig in die Kaap) gaan Maandag vir 'n hartomlyning.
- Kobus Bester (0837640063) se are wat die nier voed is oopgemaak en hy gaan oorgeplaas word na Morningside kliniek.
- Abraham Kruger (0169338107) is steeds in Emf. Medi-Clinic, sy toestand is kritiek.

Laat weet asb. die kerkkantoor van siektes, swaarkry, asook van vreugdes.

VERJAARSDAE: HARTLIK GELUK!

25/01	Emile Pienaar	☎ 0828282746
25/01	Alta Pretorius	☎ 0834586306
25/01	Babs van der Walt	☎ 0836378578
25/01	Koos van Deventer	☎ 0823585599
25/01	Christi van Wyk	☎ 0169324615
26/01	Hendri Pelser	☎ 0846435610

26/01	Petroné vd Merwe	☎ 0729414308
27/01	Peter Baker	☎ 0828596581
27/01	Arista Derwig	☎ 0794963568
27/01	Jenny Pieters	☎ 0832582314
27/01	Dirk Venter	☎ 0169321787
27/01	Amarie Weber	☎ 0828731657
28/01	Marieta J v Vuuren	☎ 0832987989
28/01	Danie Potgieter	☎ 0837357144
28/01	Gerhard Retief	☎ 0824714999
28/01	Marguerite v Tonder	☎ 0169325675
29/01	Hannatjie Bezuidenhout	☎ 0793695532
29/01	Katryn Spires	☎ 0832681006
29/01	Flip Venter	☎ 0833661149
30/01	Denise Stassen	☎ 0833047090
30/01	Pieter van Helden	☎ 0839694472
31/01	Glynnis Classen	☎ 0722662785

Spesiale verjaarsdae:
Babs van der Walt, 85 vandag.

Huweliksherdenkings:
26 Jan. Attie en Mariaan Venter, 30 jaar.
27 Jan. Jan en Ina Swanepoel, 42 jaar.
28 Jan. Hennie en Rennie Kruger, 48 jaar.
28 Jan. Hannes en Heleen Malan, 48 jaar.

BYBELSTUDIE
Woensdagoggende om 09:00 by die kerk.
Dinsdagaande om 19:00 (Carterstr. 16).
(Soos op kalender aangedui.)

NUWE INTREKKERS
Die diakonie is aan die stuur van die nuwe intrekkers diensgroep. By die hoofdeur van die kerk is 'n boek waarin jy al jou besonderhede kan aanteken.

ATTESTATE/BEWYSE
Word afgekondig.

HUISBESOEKVORMS
Indien jy graag huisbesoek wil ontvang van 'n ouderling, diaken of predikant, **voltooi die huisbesoekversoekbriefie wat by die deure beskikbaar is** en plaas dit in die kerkkantoor se rakkie of Die **Helper** se kassie by die hoofingang van die kerk.

VANAF DIE DIAKONIE
Ons vra dat julle asb. die vrymoedigheid moet hê om gebruik te maak van **Die Helper.** Sien meer inligting verder aan.

LOTUSLANDERS
Hou die 10e Februarie oop vir die volgende Lotuslanders geleentheid. Meer besonderhede sal later volg. Kontak Koos Jacobs by 0839868135 indien jy meer wil uitvind oor die Lotuslanders.

Dienskneg

ORRELBEGELEIDING
09:00 – Nannes

OUDERLINGE AAN DIENS
25/01/2015 - Hardus Visser en Dolf Jonker

DIAKENS AAN DIENS
25/01/2015 - Rineke Visser en Christa van Bemmel

KOSTER AAN DIENS
25/01/2015 - Elsa
01/02/2015 - Elsa

DATABORDDIENS
Behartig deur die Tegniese-span: Projeksie o.l.v. Hennie Smit, 0711063978.

KOLLEKTE BY DEURE
(Kollekte onder die erediens gaan vir Diakonale Kas)
25/01/2015 - Ekumenisiteitsfonds (buitelands)
01/02/2015 - Emeritaatsfonds

OPNAMES VAN EREDIENSTE OP CD
Indien jy 'n opname van 'n preek wil hê, kan 'n versoek aan die kerkkantoor of Hennie Smit (0711063978) gerig word.

ONTVANG DIE PREEKTEKS PER E-POS
U kan op Maandae 'n blanko e-pos na **preek@gktrinitas.co.za** stuur. (U moet elke keer wat u die preek wil hê so 'n e-pos stuur). Die stelsel sal self binne 60 sekondes die preekteks vir u aanstuur. Dis ten volle outomaties en werk 24/7. Vir meer inligting kontak Hans van Wyk by 0828111990. (*Preke sal Sondae na 12:00 op ons webblad beskikbaar wees.)*

TEESKINK
Vanoggend skink Ita Schrap se groepie. Sondag 1 Februarie skink Anne-Marie Snyman se groepie. **Anette van der Walt, 0845334548, is die sameroeper van die diensgroep.**

GEHOORAPPARATE
Lidmate wat van die gehoorapparate gebruik wil maak, kan dit Sondagoggende onder die trap agter in die kerk kry.

KLEUTERKERK
Kleuterkerk vind Sondagoggende saam met katkisasie plaas in die eerste klaskamer. Alle kleuters van 2-6 jaar is welkom. Mammas van tweejariges kan dit saam bywoon. Kontak Louise Venter, 0833022716, indien jy geroepe voel om deel te vorm van die Kleuterkerkspan.

KOSBEHOEFTE:
Kruideniersware benodig
Indien jy 'n bydrae wil maak, kan jy volgens die onderstaande lys aankoop:
(plaas alle skenkings in die groot houer in die saal naby die kombuis)
(Ons waardeer alle hulp opreg. Diakonie.)
Suiker, pasta, bullybeef, koffie, tee, soja maalvleis, grondboontjiebotter, Pilchards vis, konfyt, melkpoeier, sout, bakebeans, tamatie- en uiesmoor, blikkies gemengde groente, pakkies sop, rys, toiletseep, koekie Sunlight seep, toiletpapier, sjampoe, tandepasta, tandeborsels en waslappe.

KOEKSISTERS
Baie dankie vir almal se getroue ondersteuning. Ons bak weer Woensdag 4 Februarie. **Groot R17/dosyn, klein R14/dosyn.** Enigeen baie welkom om te kom help bak. Kontak Dolf Jonker by

0845066464 of Piet Markram by 0848676990.

DR. FRANS MINNIE

Dr. Frans Minnie (pastorale berader) is op **Maandae** beskikbaar by die kerk **slegs vir lidmate van Gereformeerde gemeentes.** Kontak die Kerkkantoor vir afsprake. Donasies kan inbetaal word by:
FNB Tjekrekening No: 621 843 512 04,
Takkode: 250-945.

Die diakonie vra dat die gemeente die vrymoedigheid sal hê om gebruik te maak van die Helper. Dit is 'n "diens" wat ons aan die gemeente bied. Vir enige hulp wat jy benodig van enige aard, kontak asb. die diakonie of los 'n briefie in die houtkis in die ingangsportaal. Kontak vir André Smith by 0844627830 of Lozanne Roos by 0823353539.

ONS SOEK JOU WIT OLIFANTE ...

Trinitas beplan 'n wit olifant verkoping later in die kwartaal so jy kan uiteindelik ontslae raak van al jou wit olifante en ou klere wat jou huis en kaste volstaan. Items kan kerk toe gebring word waar Theuns Odendaal dit in 'n lokaal sal stoor tot die verkoping. Die geld wat ons met die wit olifant verkoping insamel, sal gebruik word om die kombuis aan te vul en die nuwe diensgroepe wat in die gemeente tot stand kom te help.
Groete

Gretha van Wyk (0764688963)

DIE BEGRAFNIS-DIENSGROEP VRA NUWE HANDE…

Trinitas se begrafnis-diensgroep vra nuwe hande om met die maak van broodjies en die skink van tee by begrafnisse te help.

Vir baie jare het Dolf en Kotie Jonker en Pieter en Anita Markram saam met ander lidmate die begrafnisse by Trinitas behartig, hiervoor het ons groot waardering en dankbaarheid! Ons kon altyd op hul knoppies druk en hulle was daar! Hierdie raak-vat span kan ongelukkig nie meer in die toekoms die begrafnisse behartig nie.

Ons het dus ‘n groepie lidmate nodig wat hierdie diensgroep kan vorm na hulle hand. Indien jy deel van hierdie diensgroep wil wees, skryf asb jou naam op die papier in die saal, kontak die kerkkantoor of vir Gretha van Wyk. Die kerkkantoor sal ook kan help deur die res van die gemeente te betrek deur sms’e uit te stuur wanneer daar ‘n begrafnis is en hulp benodig word. Wees asb vrymoedig om jou hulp aan te bied en met jou gawes te dien!

Groete

Gretha van Wyk

076 468 8963

GASVRYHEIDSDIENSGROEP

Trinitas se nuwe gasvryheidsdiensgroep is nou op die been om met die gasvryheids- en onthaaldeel van gemeente funksies te help. Die diensgroep wil die gemeente

dien in spesiale geleenthede soos bv. Paasfees, belydenisafleggings, kersprogramme, tee vir bejaarde lidmate en enige nuwe geleenthede wat mag opduik. Die doel is om hierdie geleenthede nog meer gesellig te maak deur die saal op te dollie en 'n lekker koppie tee en eetdingetjie te voorsien.

Die teeskinkgroepe val ook onder hierdie diensgroep, al funksioneer hulle op hul eie, omdat ons elke Sondag in 'n hartlike omgewing saam met mekaar wil kuier en mekaar beter leer ken oor 'n lekker koppie koffie in die hand. Dit is 'n wonderlike manier om nuwe lidmate of besoekers te verwelkom en deel te maak van ons verloste familie van diensknegte.

Enige iemand is welkom om deel te wees van hierdie diensgroep! Ons eerste vergadering is DV Maandag 2 Februarie 2015 om 19:00 in die kerksaal. Skryf asb jou naam op die papier in die saal.

Kom deel jou gawes en talente met ons tot eer van ons Here!

Hoop om jou daar te sien!

Groete

Gretha van Wyk

076 468 8963

4 Gestuur

PIKININI BREIPROJEK
Donasies vir die projek kan in die groot houer in die saal geplaas word (waarin kosskenkings aan die diakonie ook geplaas word). Kontak Jackie Kleynjan by 0833814020.

Trinitas CIA Christus in Aksie

Hou dié spasie dop vir inligting oor die volgende byeenkoms.

HERWINNING
Die Here stuur ons om sy Skepping op te pas omdat dit Hom ook vir die wêreld wys. Sien meer inligting oor die projek verder in die nuusbrief.

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR JANUARIE

- Vanaand - Diakonievergadering

GKSA NUUS

LEES MEER OOR ...
- FEBA Radio
- Geopende Deure Nuus (lees meer by www.opendoors.org.za)
- Kruispad-nuus – www.kruispad.net of kantoor@kruispad.net
- Toer na Turkye, Griekeland en Malta
- Sustersaamtrek 2015
- Brief vanaf NG Gemeente Effata
- Sielseminaar aangebied deur GK Sasolburg 8-12 Febr.

OP DIE KENNISGEWINGBORD

KRUISPAD
Kruispad is die jeugtydskrif van die GKSA. Dit bied toerusting aan jong, groeiende gelowiges om ingeligte keuses te maak wat tot geloofsgroei kan lei.
Inskrywingsgeld vir 2015:
R116 (harde kopie)/R85 (elektronies).
Webblad: www.kruispad.net.
Stuur 'n e-pos aan kantoor@kruispad.net indien jy wil inteken of 'n artikel wil skryf.

VERBLYF BENODIG VIR MANSSTUDENT
Minda van der Walt benodig verblyf vir haar seun wat by NWU Vaal begin studeer (verkieslik redelik naby aan die universiteit). Kontak haar by 0722362768 indien jy weet van iets.

KONTAK ONS

www.gktrinitas.co.za

GKTrinitas

Kerkkantoor:
Elsabé Muller
☎0169825017 / 0724874258
kantoor@gktrinitas.co.za
Faksno : 086 219 5728

Kerkkantoortye:
Maandag tot Donderdag
Tye: 08:00 tot 13:00
Vrydae: 08:00 tot 12:00 (Nuusbrief)

Skriba:
Gerrit van Wyk 0823328550

Kosters:
Theuns Odendaal 0832561387
Elsa Prinsloo 0794778699

Orrelis:
Nannes vd Walt 0833041841

Bankbesonderhede van kerk:
Reknaam: Geref. Kerk Vanderbijlpark Trinitas ABSA Tjekrekening 530340449

Predikant:
Griffel van Wyk
☎ 0169324615 / 0823543726
Adres: Ogilviestr. 6, SE2
Vanderbijlpark
e-pos:griffel@gktrinitas.co.za

Sustersaamtrek 2015

Julle is sout en lig

U word hartlik uitgenooi na die Susterssaamtrek 2015 te Edenvale.

Spreker: Prof G Breed

Datum: 7 Maart 2015
Plek: Gereformeerde Kerk Edenvale
Adres: Eerste Laan Verlenging 999, Edenvale
GPS Koördinate: S26.07.23.58 O28.08.2
Tyd: 9:00, registrasie vanaf 8:00
Koste: R 120
RSVP: 15 Februarie 2015

Name kan in die saal opgeskryf word en gelde is betaalbaar by Theuns Odendaal voor of op 15 Februarie 2015

Trinitas Herwinningsprojek

GK Trinitas se herwinningsprojek is al sedert Januarie 2010 aan die gang. Dit gee aan ons die geleentheid om iets prakties te doen om die skepping te bewaar (die uitlewing van ons skeppingsopdrag in Genesis 1 & 2). Hierdie projek is daarop gerig om praktiese uiting te gee aan die gemeente se vierde missiepunt: "terwyl ons God se openbaring in die skepping bewaar". Alhoewel die herwinningsprojek nie die enigste manier is om dit uit te leef nie, is dit die enigste formele gemeenteaktiwiteit wat tans enigsins hierop gerig is.

Ons as gelowiges wil graag die skepping bewaar, aangesien dit aan ons Vader behoort, dit deur Hom "goed" geskep is en ons Hom daardeur leer ken (vergelyk NGB Artikel 2). Daar is regoor die wêreld 'n groot oplewing in omgewingsbewustheid en -bewaringgerigtheid. Alhoewel die wêreldse fokus net is om iets "vir die nageslag te bewaar" en hulle dus nie dieselfde fokus as ons hier rondom het nie, gee 'n projek soos hierdie vir ons 'n kontakvlak en 'n geleentheid tot getuienis.

Hoe werk dit?

Op die parkeerterrein, agter die katkisasielokale, is daar 'n area agter 'n muurtjie met 10 dromme en 'n blou Nampak houer waarin verskillende herwinbare items geplaas kan word. *DJ Waste* kom laai hierdie items op wanneer die houers vol is. Sakke met herwinbare items kan Maandae tot Vrydae tydens kantoorure, of Sondae voor of na eredienste by die herwinningsarea afgelaai word. Items hoef nie gesorteer te word nie. Jy is welkom om net jou sakke met die herwinbare items agter die muurtjie te plaas. Sara, die gemeente se skoonmaker, sal dit verder uitsorteer.

Die volgende items kan gerus kerk toe gebring word om herwin te word:

Karton en kartonbokse
Blikkies
Plastiek: * skoon/deursigtig met geen handelmerke bv. broodsakkies
* gemeng/gekleurd met geen handelsmerke bv. swartsakke
* stoele, tafels, kratte, proppies
Papier: * wit kantoorpapier (*office white*)
* koerante
* tydskrifte
Glasbottels en glase (geen vensterruitglas of motorruitglas)
Plastiekbottels: * deursigtig, bv. Coke-bottels
* groen, bv. Sprite-bottels
* bruin, bv. Stoney-bottels
* ander houers bv. melkbottels (spoel asb. melkbottels uit)

'n Vriendelike beroep

* Ons vra julle om asb. nie vullissakke met enige items wat nie op die bogenoemde lys is by die kerk af te laai nie. In die verlede is daar sakke met gewone huisafval en selfs rou en

vrot vleis daarin afgelaai wat rotte gelok het en 'n gesondheidsgevaar kan inhou. Moet asb. ook nie inkopiesakke, polistireen-produkte of foeliehouers bring nie.

* Verder vra ons ook dat sakke asb. nie voor die hek of op enige ander plek afgelaai moet word behalwe by die herwinningsarea nie. Indien jy nie jou sakke tydens kantoorure of Sondae kerk toe kan bring nie, kan Maureen van Helden (0823922093) gekontak word om 'n ander reëling te tref. Indien daar in die toekoms weer vullissakke met huis- en tuinafval afgelaai gaan word, sal dit ongelukkig die projek se voortgang ernstig in gedrang bring.

Baie dankie vir u deelname aan hierdie projek. Kontak gerus vir Maureen van Helden indien u wil help hiermee of indien u enige verdere navrae hieroor het.


koers?
liefde
...
dissipel
Verlos
Familie
Dienskneg
Gestuur